Blinde

Joh. 9: 1- 41 Lees!!!

Kan ons net vir ‘n oomblik dink hoe moet dit wees om **sonder sig gebore** te word. Hoe moet dit voel om **nooit te kan sien nie**.

Ek glo nie ons kan ons dit **werklik voorstel** nie. Dink net daaraan, jy het **geen idee hoe enige voorwerp lyk** nie, ander kan dit vir jou **beskryf**, maar indien jy nog **nooit enigeiets gesien** het nie, sal die beskrywing nie van **veel nut** wees nie.

Jy hoor van die **son** en die **maan**, jy hoor van die **see** en van **pragtige branders**, jy hoor van **blomme** en **bome** en **diere** en die **veld**, jy hoor van **riviere** en **damme** en **mere**, maar jy het **geen idee** hoe dit **werklik lyk** nie.

Wat sou dit saak maak of ‘n voorwerp **blou** of **pink** of **pers** of **rooi** is, indien ons dit nie kan sien nie, kan dit maar **enige kleur** wees. Ons het **geen idee** hoe dit moet wees om **nog nooit self fisies kleur** te kon ervaar nie.

Dit was die **omstandighede** van die man wat op daardie spesifieke dag met **Jesus in Jerusalem ontmoet het**. Hy het geen **benul van enige voorwerp** gehad nie. Hy was **blind gebore** en het **nog nooit enige iets gesien** nie.

Sy wêreld waarin hy geleef het was **gehul in donkerte**, hy het geen idee gehad wat **‘n lig** is nie. Hy het nog nooit **‘n lig gesien** nie, hy weet nie **wat ‘n lig beteken** of wat dit **presies behels** nie.

Hoe verduidelik jy aan iemand **wat is lig**, indien hy **nog nooit enige lig in sy lewe ervaar** het nie?

En op hierdie spesifieke dag het hierdie man nie met die **lig** van die **son** of die **maan** ontmoet nie, maar met die **Waaragtige Lig**, hy het met die **lig** van die **wêreld** ontmoet, hy het met **God se lig** ontmoet.

Hy het ontmoet met die lig wat **alle duisternis verdryf**. Hy verdryf die **duisternis van blindheid** vir die man wat **blind gebore** is en Hy verdryf die **duisternis** vir elke mens wat **geestelik blind gebore** is.

In hierdie opsig is **ons almal blind gebore**. Tot ons met die **lig van Jesus** ontmoet, **ken ons net duisternis**.

Ons **wandel** in die duisternis, ons **tas rond** in die duisternis. Ons het geen idee wat dit **beteken om in die lig** te wees nie.

Ps. 51:7 "Kyk, in **ongeregtigheid is ek gebore**, en in **sonde** het my **moeder my ontvang**.

Rom 3:23 "want **almal het gesondig** en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."

Dit beteken ons is almal gebore in die **sondige natuur van Adam**. Van **nature**, vanaf **geboorte**, het ons almal '**n neiging** tot die sonde. Maar hier moet ons baie goed besef, ons word **in sonde gebore** en nie **met sonde** nie.

En dit is wat die dissipels van Jesus vir Hom vra in **vers 2**:

Rabbi, **wie het gesondig**, hierdie **man** of sy **ouers**, dat hy blind gebore is?
:3 Jesus antwoord: **Hy het nie gesondig nie**, en **sy ouers ook nie**; maar die werke van God moet in hom openbaar word."

Kom ons kyk net 'n oomblik na die **agtergrond** waarin hierdie **wonderwerk** van Jesus plaasvind.

Net voor hierdie gebeurtenis het Jesus die **huttefees bygewoon** in die **Tempel** in Jerusalem.

Hierdie was die **derde** van die **drie groot feeste** wat die Jode moes onderhou en gedurende hierdie fees moes die **groot kandelaar** in die Tempel **aangesteek** word.

Hierdie kandelaar het bestaan uit **vier kandelare** wat elk weer vier **goue bakke met olie** bevat het.

Wanneer hierdie **olie aangesteek** was, het dit 'n **skerp lig veroorsaak** wat dan teen die **wit marmer mure** van die Tempel geskyn het en dit het daarvandaan **na buite weerkaats** om sodoende die **hele Jerusalem te verlig**.

Hierdie was dan ook net 'n **tipe** of 'n **heenwyse** na die **lig van die wêreld** wat aan kom was.

En op daardie dag het die Jode die **ware lig by hulle gehad**, maar omdat hulle **so lank blind was** en **geen benul gehad het hoe regte lig lyk** nie, het hulle **Hom nie herken nie**.

Daarom roep Jesus daar uit:

Joh 8:12 "**Ek is die lig van die wêreld**; wie My volg, sal sekerlik nie in die **duisternis wandel** nie, maar sal die **lig van die lewe** hê."

Dit is interessant dat die **siendes** daardie dag **nie die lig herken het nie**, maar dat die **blinde die lig herken het**, maar ook eers **nadat Jesus hom siende** gemaak het.

Indien **Jesus ons nie laat sien nie**, **bly ons vir ewig blind** en sal ons ook nooit '**n idee hê hoe lig werklik lyk** nie.

Dit was dan op **Sy pad uit die tempel uit** wat **Jesus verby die man loop** wat **blind gebore** was.

Hier sou die **wonderlike illustrasie plaasvind** van dit wat Jesus bedoel het, toe Hy gesê het, Hy is die **lig van die wêreld**. En dit sou gebeur deur die **blinde man wat nog nooit die lig aanskou** het nie, van sy **duisternis te verlos**.

Op hierdie dag sou hy nie net met die lig van die **son** en die **maan ontmoet** nie, maar hy sou ook met die **Ware Lig uit die hemel ontmoet**. Hy sou **nooit weer in duisternis** wees nie.

Dit is dan net **kortliks die agtergrond** van dit wat daar plaasgevind het.

Joh.9: 1 sê:

"En toe **Hy verbygaan**, sien Hy 'n man wat **blind was** van sy **geboorte** af."

Dit was **niks vreemds om blinde mense** daar te sien nie, want dit was waar die **gestremdes** gekom het om te **sit en bedel**, omdat daar altyd **baie mense** daar **rond beweeg** het.

Daar was altyd 'n **vloei van mense** en dan veral op hierdie **spesifieke tyd** van die jaar gedurende die **Huttefees**. Gedurende hierdie **feestyd** was mense ook meer **vrygewig** soos dit ook **by ons** die geval is oor ons **feestye**.

Maar tog was daar **iets anders** omtrent hierdie man, hy is **blind gebore**, hy het **nog nooit gesien** nie, hy is nie blind as gevolg van 'n **siekte** of 'n **ongeluk** nie, maar hy is **blind vanaf sy geboortedag**.

Hy het nog nooit die **lewenslig** aanskou nie.

Jesus **gaan staan stil** by hierdie man. En dit is dan wanneer die dissipels die vraag vra:

"Rabbi, **wie het gesondig**, **hierdie man** of **sy ouers**, dat hy blind gebore is?" (vers 2)

Soos baie mense **vandag ook glo**, het die **Jode ook geglo** dat skade en gebrek kom **as gevolg van sonde**.

Dit was vir hulle 'n **uitgemaakte saak**, iemand het êrens op die een of ander stadium **iets verkeerds gedoen** en daarom is hierdie man met sy **gebrek gebore**.

Hy het sy **verdiende loon** gekry, hy **boet vir die sonde**. Die mense het vir **Job** ook so gesê. Dit is as gevolg van jou **sondes** dat **God jou straf**.

Hulle was oortuig daar is 'n verbinding tussen **siekte** en **sonde** en hulle was **reg**, maar nie as gevolg van die sonde van die **individu** nie, maar as gevolg van die **sondeval** van **Adam en Eva**.

Na die **sondeval sou alle mense blind gebore** word, en net die **bloed van Jesus** kan die mens weer **genees** en **siende** maak. Ons is **almal** in die **duisternis** totdat **Jesus Sy lig** op ons laat **skyn**.

Ons kan **baie ly** as gevolg van **sonde**, dink maar aan **diefstal**, wanneer jy **besteel** word, maar **alle tragedies kom nie** as gevolg van sonde nie.

Indien hierdie man blind gebore was as gevolg van **sy eie sonde**, sou dit beteken, hy moes **gesondig het** nog **voordat hy gebore was** en dit is onmoontlik.

Baie van die Jode het geglo in **reïnkarnasie** as gevolg van hulle **verbintenis** met die **Ooste**. Dit beteken dat jy in 'n **vorige lewe kon sondig** en dat jy nou in jou **huidige lewe** die **gelag moet betaal**.

Dit is egter so **ver van die waarheid** dat Jesus nie eers die moeite doen om die **onderwerp aanraak** nie.

Wat was dan **die rede** waarom die **man blind gebore** was?

Jesus sê dit is nie as gevolg van **sy eie sondes** of as gevolg van **sy ouers se sondes** nie, maar sodat **God se krag in hom geopenbaar** kon word, sodat **God se werke in hom geopenbaar** kon word.

Daarop **spuug** Jesus op die grond en neem die **klei en smeer** dit aan die man se **oë** en dan beveel Hy die blinde man om sy oë in die **bad Silóam** te gaan was.

<u>Silóam beteken uitgestuur</u>.

Jesus het hom **uitgestuur** om die klei te gaan afwas, indien hy **gehoorsaam** sou wees en dit doen, **sou hy sien**, maar indien hy dit sou **afmaak** en hom nie daaraan sou **steur nie** sou hy vir **ewig in duisternis** bly.

Jesus **stuur ons ook uit**, en **Jesus roep ons** om ons in **Sy eie kosbare bloed te was** en **te reinig** en om sodoende van **alle blindheid genees** te word, Jesus wil ons **sig herstel**, dit is waarvoor Hy **aarde toe gekom** het, sodat ons wat **blind is, weer kan sien**.

Soos Jesus daardie man se oë **toegesmeer** het met die **modder**, so is **ons oë toegesmeer** met die **sonde** en die **ongeregtigheid**.

En net daardie **badwater van Silóam** kon daardie **klei afwas**, sodat hy **kon sien**, geen **ander water** sou **enige effek** op hom gehad het nie, hy kon hom in **enige ander bad water** gaan was het en dit sou vir hom tot **geen nut** gewees het nie.

Maar toe hy hom in daardie **spesifieke water** was wat **Jesus voorgeskryf** het, toe **word hy siende**.

Die **water** as sulks kon **niks doen** nie, die **klei** as sulks kon **niks doen** nie, maar die **gehoorsaamheid aan God**, dit is waarin die **genesing** was.

Vandag is daar nog steeds mense wat **bulle keel afsny** en die **bloed drink** en dit oor hulle **sprinkel**, daar is nog <u>baie gelowe</u> wat nog allerhande **rituele** onderhou en uitvoer.

Daar is ander wat **heilige water** gebruik en dit **sprinkel** en allerhande **snaakse dinge doen**, maar dit is alles **kragteloos**, dit dien **geen doel** nie, dit beteken **niks**, dit kan niks vir jou **siel** of jou **sig** doen nie.

Ons moet **gehoorsaam aan God wees** en ons laat **doop in die Naam** van die **Here** en ons moet ons laat **was** deur die **bloed van die Lam**, en net dan en dan alleen sal **God ons sig herstel** sodat ons die **Lig kan aanskou** en sodat ons tot in **alle ewigheid verlos** sal wees van die **duisternis**.

Die wat **siende en tog blind** was het die **man wat blind was** en **tog kan sien** uit hulle **midde verban**, nadat hulle sy **getuie gehoor** het.

Maar Jesus het hom weer gevind en **Homself volkome** aan die man **geopenbaar**. Nadat die **man kon sien**, nadat hy van sy **blindheid genees** was het Hy Jesus as sy **Messias herken** en het hy **Jesus aanbid**.

Jesus het eers die man se **sig herstel** voordat Hy Homself aan die **man openbaar** het.

Ons **geestelike oë** moet ook eers **deur Jesus geopen** word, voordat ons **Jesus kan herken**.

****

Nou moet ons **baie versigtig** wees wat ons **bely**, want Jesus sê vir die Jode:

In Joh. 9:41 "Jesus antwoord hulle: **As julle blind was**, sou julle **geen sonde hê nie**; maar nou **sê julle**: **Ons sien**! **Daarom bly julle sonde**."

Omdat julle **bely** julle het die **lig**, terwyl julle in die **duisternis wandel**, daarom sal julle **sondes nie vergewe word nie**.

Bely eerder: "**Here laat U lig oor my skyn en my verlig**." "Here ek is in die **duisternis**."

1Jo 1:6 "As ons sê dat ons **met Hom gemeenskap het** en in die **duisternis wandel**, dan **lieg ons** en doen nie die **waarheid** nie.
:7 Maar as ons in die **lig wandel** soos **Hy in die lig is**, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die **bloed van Jesus Christus**, sy Seun, **reinig ons van alle sonde**.
:8 As ons **sê dat ons geen sonde het** nie, **mislei ons onsself** en die **waarheid is nie in ons** nie.
:9 As ons **ons sondes bely**, Hy is getrou en regverdig om ons die **sondes te vergewe** en ons van **alle ongeregtigheid te reinig**. (Hy laat ons sien)
:10 As ons **sê dat ons nie gesondig het nie**, dan maak ons **Hom tot 'n leuenaar** en is sy **woord** nie in ons nie.

Wie wil vandag **in God se lig wandel**?

Wie het 'n **behoefte aan God se lig**?